Donderdag 7 Mei

Skrifgedeelte: Matteus 6:11 (AFR33/53/AFR2020); HK Sondag 50

Fokusgedeelte: Matteus 6:11

Die genade om as Koninkryksburgers vir ons daaglikse brood te mag bid

Ons is nie net in groot en magtige dinge van God se genade afhanklik nie. Inteendeel, ons is elke dag, in alles, afhanklik van God en sy genade – selfs al wéét Hy wat ons nodig het! Ook in die dinge wat vir ons alledaags en vanselfsprekend geraak het – soos 'n bord kos. Tog leer Sondag 50 van die Heidelbergse Kategismus ons: *"Gee dat ons, uit u hand, alle goeie gawes mag ontvang, en daarmee tevrede wees."* Alle goeie gawes! Nie net vir "my" nie, maar vir "ons" (waarmee ons ook dankbaar tevrede moet wees).

Dat ons elke dag vir *"ons daaglikse brood"* sal vra, in gebed daarvoor sal smeek. Daagliks, nie voorraad vir 'n week of selfs 'n maand nie, maar vir vandag. Nét vir vandag ... Ook vandag se brood is 'n gawe van God. *"Gee ons vandag ons daaglikse brood"*, net vyf woorde, vyf woorde waarmee ons ons volle afhanklikheid van God erken. Vir ons vleeslike sowel as ons geestelike afhanklikheid. Nie net met ingewikkelde uitdagings nie, maar selfs die eenvoudige dinge in ons lewens.

So is elke maaltyd, hoe karig dit ook al mag wees, 'n teken van God se troue sorg aan sy kinders. Al voel dit nie altyd so nie, voorsien Hy elke dag – al verdien ons dit nie – sy genade in oorgawe aan ons. As burgers van sy Koninkryk leef ons nie uit selfvertroue, of vrees vir tekort nie, maar uit 'n gesindheid van kinderlike vertroue op ons Koning – Christus, wat aan die regterhand van die Vader sit en vir ons intree. Sy heerskappy sluit ook ons daaglikse behoeftes, ons werk, ons gesondheid, ons kos in.

Om te bid, ook vir ons daaglikse brood te bid, is 'n geloofsdaad waar ons op God vertrou en dankbaar in sy genade voortlewe.

*Sing: Psalm 105-1:1, 22*

*Ds. JJ (Johannes) de Bruyn (George)*